

Argief.

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Woensdag, 18 Junie 1969

WINDHOEK

Wednesday, 18 June 1969

No. 3008

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. 78 Ordonnansies 1969: Uitvaardiging van . . . Ordinances, 1969: Promulgation of . . . 1176

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 78.] [18 Junie 1969

No. 78.] [18 June 1969

ORDONNANSIES 1969: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCES, 1969: PROMULGATION OF

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansies wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No.	Titel	Bladsy
No. 19	Wysigingsordonnansie op Onderwys 1969	1177
No. 20	Verdere Onderwyswysigingsordonnansie 1969	1179
No. 21	Wysigingsordonnansie op Pensioene vir Suidwes-Afrikaanse Onderwysers 1969	1181

No.	Title	Page
	Education Amendment Ordinance, 1969	1178
	Further Education Amendment Ordinance, 1969	1180
	South West African Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1969	1182

No. 19 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Onderwysordonnansie 1962 om voorsiening te maak vir die onderrig van leerlinge wie se huistaal Duits is, deur medium van Duits in die standerds tot en met die agste standerd.

(Goedgekeur op 12 Junie 1969)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied van Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van artikel 69 van Ordonnansie 27 van 1962.

1. Artikel 69 van die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die woorde „van subartikel (1)” te skrap.

Vervanging van artikel 70 van Ordonnansie 27 van 1962.

2. Artikel 70 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Duits as medium van onderrig tot en met die agste standerd.

70. Die Direkteur kan in 'n skool klasse waarin die medium van onderrig Duits moet wees, instel —

- (a) by wyse van parallelklasse in die standerds tot en met die vyfde standerd, as in sodanige standerds die totale getal leerlinge wie se huistaal Duits is, minstens vyftien is; en
- (b) by wyse van parallelklasse in die sesde, sewende en agste standerds, as in enige sodanige standerd die getal leerlinge wie se huistaal Duits is, volgens die Direkteur sodanige klasse regverdig:

Met dien verstande dat in die geval van vakke wat weens praktiese oorwegings moeilik deur medium van Duits onderrig kan word, die Direkteur kan besluit dat die onderrig in sodanige vakke deur medium van òf Afrikaans òf Engels moet wees: Voorts met dien verstande dat Afrikaans en Engels as leervakke onderrig moet word bo die standerds wat die Direkteur bepaal.”.

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Onderwys 1969 en word beskou as in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1969.

No. 19 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Education Ordinance, 1962, to provide for the instruction of pupils whose home language is German through the medium of German in standards up to and including the eighth standard.

(Assented to 12 June 1969)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. Section 69 of the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the deletion of the words "subsection (1) of".

Amendment of section 69 of Ordinance 27 of 1962.

2. The following section is hereby substituted for section 70 of the principal ordinance:—

Substitution of section 70 of Ordinance 27 of 1962.

"German as medium of instruction up to and including the eighth standard.

70. The Director may in a school introduce classes in which the medium of instruction shall be German —

- (a) by means of parallel classes in standards up to and including the fifth standard if in such standards the total number of pupils whose home language is German is at least fifteen; and
- (b) by means of parallel classes in the sixth, seventh and eighth standards if in any such standard the number of pupils whose home language is German justifies such classes according to the Director:

Provided that in the case of subjects which because of practical considerations can only with difficulty be taught in German, the Director may decide that instruction in such subjects shall be through the medium of either Afrikaans or English: Provided further that Afrikaans and English as subjects of instruction shall be taught above the standards determined by the Director."

3. This ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance 1969 and shall be deemed to have come into operation on the first day of January 1969.

Short title.

No. 20 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Onderwysordonnansie 1962, om die ouderdomsgrens van onderwysers en onderwyseresse eenvormig te maak en te verhoog, en om vir aanverwante sake voorsiening te maak.

(Goedgekeur op 12 Junie 1969)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 45 (6) van die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(a) Die ouderdomsgrens van onderwysers wat op die datum van inwerkingtreding van die Verdere Onderwyswysigingsordonnansie 1969 in diens van die Departement is of wat daarna in sodanige diens tree is vyf-en-sestig jaar vir sowel mans as vroue: Met dien verstande dat die ouderdomsgrens van onderwysers wat voor sodanige datum in diens van die Departement getree het, drie-en-sestig jaar is in die geval van mans en agt-en-vyftig jaar is in die geval van vroue, indien hulle aldus verkies voor 31 Desember 1969: Voorts met dien verstande dat die ouderdomsgrens van onderwysers wat voor 1 Junie 1959 in diens van die Departement getree het, sestig jaar is in die geval van mans en vyf-en-vyftig jaar is in die geval van vroue, indien hulle aldus verkies het voor 30 September 1959 en indien hulle aldus verkies voor 31 Desember 1969.”; en

(b) deur in paragraaf (b) die woord „drie-en-sestig” deur die woord „vyf-en-sestig” te vervang.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Verdere Onderwyswysigingsordonnansie 1969.

No. 20 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Education Ordinance, 1962, to render the retiring age of men and women teachers uniform and to raise it, and to provide for incidental matters.

(Assented to 12 June 1969)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:

1. Section 45 (6) of the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) is hereby amended —

Amendment of section 45 of Ordinance 27 of 1962.

(a) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:—

“(a) The retiring age of teachers who are in the service of the Department on the date of commencement of the Further Education Amendment Ordinance, 1969, or who subsequently enter such service, shall be sixty-five years for men as well as women: Provided that the retiring age of teachers who entered the service of the Department before such date, shall be sixty-three years in the case of men and fifty-eight years in the case of women, if they so elect before 31 December 1969: Provided further that the retiring age of teachers who entered the service of the Department before 1 June 1959, shall be sixty years in the case of men and fifty-five years in the case of women, if they so elected before 30 September 1959, and if they so elect before 31 December 1969.”; and

(b) by the substitution in paragraph (b) for the word “sixty-three” of the word “sixty-five”.

2. This ordinance shall be called the Further Education Amendment Ordinance, 1969. short title.

No. 21 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Proklamasie van 1931 betreffende Pensioene van Onderwysers, om die koers van bydraes tot die Fonds te bepaal.

(Goedgekeur op 12 Junie 1969)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 3 van Proklamasie 39 van 1931 soos gewysig by artikel 10 van Proklamasie 16 van 1947, artikel 1 van Ordonnansie 34 van 1957, artikel 1 van Ordonnansie 20 van 1960, artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1962 en artikel 1 van Ordonnansie 27 van 1963.

1. (1) Artikel 3 van die Proklamasie van 1931 betreffende Pensioene van Onderwysers 1931 (Proklamasie 39 van 1931) word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel dra 'n onderwyser tot die Fonds by teen 'n koers van vier persent van sy pensioenreggewende emolumente.”.

(2) Die bepalings van subartikel (1) word beskou as in werking te getree het op die eerste dag van April 1968.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene vir Suidwes-Afrikaanse Onderwysers 1969.

No. 21 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Teachers' Pensions Proclamation, 1931, to determine the rate of contributions to the Fund.

(Assented to 12 June 1969)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. (1) Section 3 of the Teachers' Pensions Proclamation, 1931, (Proclamation 39 of 1931) is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:—

“(1) Save as is provided in this section a teacher shall contribute to the Fund at a rate of four per cent of his pensionable emoluments.”.

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of April 1968.

Amendment of section 3 of Proclamation 39 of 1931 as amended by section 10 of Proclamation 16 of 1947, section 1 of Ordinance 34 of 1957, section 1 of Ordinance 20 of 1960, section 1 of Ordinance 17 of 1962 and section 1 of Ordinance 27 of 1963.

2. This ordinance shall be called the South West African Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1969.

Short title.

